# APK NUUSBRIEF

**UITGAWE 17 - Oktober 2022**

## VAN DIE WAAKSAAMHEIDSKOMITEE

Graag wil ons die volgende Reëls uit die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds (FONDS) aan die lede voorhou –

## BELANGRIKE SAKE OM TE ONTHOU:

1. Nominasie van afhanklikes moet opgedateer word met enige veranderinge.
2. Herbelyning van spaar strategie met jou langtermyn spaar doelwit.

Gebruik die Acravest Toep om jou doelwit te definieer en vordering te monitor.

---

## KORT OORSIG OOR ONTWIKKELING IN DIE AFTREEFONDS LANDSKAP

Lede toegang tot aftreefonds voordele tydens lidmaatskap van 'n Fonds: Ons het in die vorige twee publikasies oor hierdie onderwerp berig en behou dit steeds in hierdie publikasie omdat hierdie verwagte wysigings op onttrekkingsvoordele fokus, met 'n bewese impak op daardie voordele. Onttrekkingsvoordele is daardie voordele wat 'n lid ontvang by diensbeëindiging voor die ouderdom van 55.

Dit word deur die Wetgewer in die vooruitsig gestel om bydraes tot 'n aftreefonds te verdeel tussen 'n ''besparingspot'' (een derde) en 'n ''aftrede pot'' (twee derdes).

Indien die voorgestelde veranderinge geïmplementeer word, sal lede eenkeer per jaar die geleentheid kry om 'n onttrekking uit die besparingspot te maak. Die gedagte is om sulke onttrekkings tot 'n minimum van byvoorbeeld R2 000 te beperk. Voorwaardes soos byvoorbeeld bewysbare finansiële swaarkry kan moontlik gekoppel word aan hierdie jaarlikse onttrekking.

Toegang tot die aftreepot sal slegs moontlik wees by aftrede. Onttrekking van totale voordele by diens beëindiging, wat betref die toekoms, sal saam met hierdie nuwe benadering tot 'n einde kom.

Die gedagte is verder dat opgelope kapitaal op die datum waarop die nuwe reëls in werking kom, plus toekomstige groei op daardie gelde, nie deur die veranderinge geraak sal word nie.

Die implementeringsdatum is vasgestel op 1 Maart 2024, 'n datum wat alreeds onbereikbaar blyk te wees.

---

## VERANDERINGE AAN DIENSTE EN KOSTES

Geen veranderings het plaasgevind oor die afgelope kwartaal nie.

---

## SELFBESTUUR VAN JOU AFTREEFONDS PROJEK

Verwys na ons vorige publikasie waar hierdie onderwerp behandel is. Vorige publikasies is op die Acravest webblad beskikbaar.

---

## JOU BELEGGINGSTRATEGIE PRESTASIE IN 'N NEUTEDOP

Verwys na BYLAE A hierby aangeheg

---

## FONDS JAAREINDE VERSLAG

Verslagdoening slegs een keer per jaar.

---


## VERSTEK OPSIES BY AFTREDE EN BEDANKING

Lewende Annuïteit by aftrede: Die verstek opsie deur die Raad van Trustees aanbeveel, is die Acravest Lewende annuïteit. Hieronder is meer inligting rakende hierdie uitstekende produk.

By aftrede het 'n lid onder andere die keuse om pensioen ingevolge 'n lewende annuïteit te ontvang. 'n Lewende annuïteit laat die belegger toe om jaarliks 'n vlak van inkomste te kies wat by sy/haar behoeftes pas, onderhewig aan beperkings soos deur die Wetgewer voorgeskryf, naamlik dat 'n minimum van 2.5% van kapitaal geïnvesteer, jaarliks onttrek kan word, tot 'n maksimum van 17.5%. Die grootte van die beleggingsbedrag speel natuurlik 'n groot rol, en bepaal bekostigbaarheid van die inkomstevlak wat deur die belegger gekies word.

Kostes speel 'n kritiese rol in die waarde van die lewende annuïteit en het 'n direkte impak op die inkomste wat oor die lang termyn deur die belegger bekostig kan word. Die grafiek hieronder toon dat die administrasiekoste van die Acravest Lewende Annuïteit tans die goedkoopste beskikbaar in die mark is. Die belegger het 'n keuse tussen verskillende beleggingsbestuurders, hieronder aangedui, om hulle kapitaal binne die produk te bestuur.

Kontak gerus die Fonds indien u van hierdie beleggingsopsie gebruik wil maak.




Alexander Forbes Investments
Coronation Fund Managers
Naviga Investments
Old Mutual Investment Managers
Sasfin Asset Managers
Allan Gray Proprietary Limited
Momentum Investments
Nedgroup Investments
Prudential Investment Managers

---

## HET JY ENIGE VOORSTELLE OOR DIE INHOUD WAT JY IN HIERDIE NUUSBRIEF WIL LEES?

Hierdie nuusbrief is geskep om jou as lid te bedien! Ons sien uit na jou insette! Gebruik die volgende kanale

(081) 262 8430

communication@iretire.co.za

complaints@iretire.co.za



ACRAVEST